

2 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 5

Fokusgedeelte: 1 Konings 5:1-11

Die Here gee vrede sodat ons aan Hom en aan mekaar gebind kan word

“Daar is nêrens enige teëstander of gevaar wat my bedreig nie”, kan Salomo met dankbaarheid vir koning Hiram sê. God gee aan hom vrede (anders as in Dawid se tyd) sodat hy en die volk hulle tyd en aandag kan wy aan die bou van die tempel. Die Here het nie die tempel nodig nie. Hy woon in ‘n tempel wat nie deur mensehande gemaak is nie. Tog begeer Hy om sy Naam op een plek in Jerusalem te openbaar ter wille van sy volk. Tot nog toe het hulle Hom verkeerdelik op verskillende plekke op hoogtes aanbid soos wat die heidense volke rondom hulle ook hulle gode aanbid het. Tot nog toe was die verskillende stamme van Israel nie regtig in een sterk band aan mekaar gebind nie. Een plek van aanbidding sou nie net hulle verbondsverhouding met die Here versterk nie, maar hulle ook onderling as volk van God aan mekaar bind. Die Here gee nou vrede sodat hulle oë weggekeer kan word van die heidense gebruike en gode en hulle oë gerig sou word op die enige Here wat by die tempel aanbid word. Die hele Israel se manne werk saam aan die tempel. Hoewel ons in onstuimige tye lewe, hou die Here die vyande van sy kerk nog terug sodat ons Hom in vrede saam kan aanbid in ons byeenkomste in die plaaslike kerk. Die Satan is met Christus se hemelvaart gebind. Terwyl hy só weggehou word van die kinders van God, laat ons saam die Here met oorgawe dien. In God se koninkryk is daar nie tyd of plek vir onmin tussen sy kinders nie – onmin wat ons verbondsverhouding met Hom en ons onderlinge liefdesbande versteur en uiteindelik tot eiewillige godsdiens (“elkeen op sy eie hoogte”) lei.

Sing: Psalm 66:6

Ds PH Fick (Komatipoort)